Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
Dept. van Onderwys en Sportontwikkeling
Dept. of Education and Sport Development
NOORDWESPROVINSIE

# GRAAD 10

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## (JUNIE EKSAMEN: VRAESTEL 1)

**PUNTE : 120**

**TYD: 3 URE**

**DATUM: 01 JUNIE 2017**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taal | (40 punte) |
| AFDELING D: | (Skool se keuse) | (40 punte) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op ʼn nuwe bladsy.
5. Trek ʼn streep na elke afdeling.
6. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
7. Laat ʼn reël oop na elke antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

**AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel **(TEKS A)** deeglik en beantwoord dan die vrae.

**Gospel met ’n boodskap**

Gospel met ’n boodskap – dis hoe die 7de Laan-speler, Zane Meas, sy eerste album, Hart van die Vader, noem.

“Daar is baie min gospel-albums met ’n boodskap. Party kunstenaars maak albums sonder ’n goeie rede. Dit is waarom ek al die jare eers gewag het”, sê Zane.

Hy is pa van drie kinders. Hy is baie lief vir sy kinders. Dit is ’n rol wat hom baie na aan die hart lê. Die album gaan dan ook oor pa-wees. Baie van die liedjies gaan oor pa-wees en die rol wat ’n vader in die huis het. “Dit is ook die boodskap wat ek in kerke en vir die gemeenskap vertel. Ek wil hê mense moet lekker na die CD luister en dit geniet.”

Zane is vanaf Februarie terug in die sepie in die rol van die redakteur van die Hillside Times, Neville Meintjies. Hy het nege van die liedjies op die album self geskryf. Die album het hy binne agt weke gemaak.

Die rockster, Karen Zoid, het ook ’n liedjie vir die album geskryf. “Een van die mense wat my met die album gehelp het, Rixi Roman, speel ook in Karen se groep. Dit is hoe ek en Karen mekaar leer ken het.”

Die liedjie op die album waarvan hy die meeste hou is “Brood gebreek vir my.” Hy het aan sy TV-seun, Errol, gedink toe hy die liedjie geskryf het. Errol word deur Christo Davids gespeel. Christo gaan ook in die musiekvideo van die CD speel.

**Meer inligting oor Zane**

Verjaarsdag: 15 September

Getroud met drie kinders.

Woon in Johannesburg.

Speel ook in “Bure op die Stoep”

**Wen Zane se Album**

Tien lesers kan elkeen ’n album wen. SMS net ZANE en jou naam en adres na 22449. Elke SMS kos R2

1.1 Wat is die naam van Zane se eerste album? (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die gospel-album wat Zane uitgee het ’n duidelike (boodskap/rol). (1)

1.3 Waaroor gaan die gospel-album. Noem EEN aspek. (1)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die letter (A – D) neer.

“Dit is ’n rol wat hom baie na aan die hart lê” (paragraaf 3)
As iets jou ***na aan die hart lê*** beteken dit dat dit …

A vinnig afgehandel moet word.
B baie belangrik is vir jou.
C ’n siekte naby jou hart is.
D iets is wat langs jou lê. (1)

1.5 Watter werk doen Zane in die 7de Laan? (1)

1.6 Wat is sy naam in 7de Laan? (1)

1.7 Watter rockster het ’n liedjie vir sy album geskryf? (1)

1.8 Zane het tien van die liedjies op die album self geskryf.

Waarom Is die stelling ONWAAR?

Motiveer jou antwoord deur slegs ‘n sin uit die teks neer te skryf. (1)

1.9 Zane was nie Errol se regte (*biological*) pa nie.

Waarom Is die stelling WAAR?

Motiveer jou antwoord met EEN sin uit die teks. (1)

1.10 Wanneer verjaar Zane? (1)

1.11 Wat moet jy doen om Zane se album te wen? (1)

1.12 Hoeveel kos die SMS’e elk? (1)

1.13 In watter taal is die CD van Zane opgeneem? (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Die woord “inligting” beteken (informasie/inrigting). (1)

1.15 Dink jy ’n mens kan ryk word as jy ’n CD maak en verkoop? (1)
Motiveer jou antwoord

**[15]**

**VRAAG 2: TV-SKEDULE**

Lees die TV-skedule (**TEKS B**) en beantwoord dan die vrae.

**VRYDAG 27 MAART**

| TV 1 | TV 2 | TV 3 |
|---|---|---|
| 09:00 Isidingo | 10:00 Takalani Sesame | 12:10 3 Talk |
| 10:00 Learning Channel | 10:30 Wild Touch | 13:00 Nuus |
| 12:00 Friends Like These | 11:00 Nature X Cursions | 13:30 Nuushooftrekke |
| 13:00 Yilungelo Lakho! It's Your Right | 11:30 Women in Sport | 14:00 Generations |
| 14:00 Muvhango | 12:00 Dr. Phil | 14:30 Isidingo |
| 14:30 Zola 7 | 13:00 Days of Our Lives | 15:00 Membas Only |
| 15:00 Yo TV | 13:45 Judge Hatchett | 15:30 URBO: The Adventures of Pax Afrika |
| 17:30 Nuus | 14:30 Where Were You? | 16:00 3 Talk |
| 18:00 The Bold and the Beautiful | 15:00 7de Laan | 16:55 Days of Our Lives |
| 18:30 Jam Alley | 15:30 Muvhango | 17:45 The Oprah Winfrey Show |
| 19:00 My Wife and Kids | 16:00 Tube | 18:30 Isidingo |
| 19:30 Nuus | 17:30 Nuus | 19:00 Nuus |
| 20:00 Generations | 18:00 Voetspore | 19:30 Standard Bank Pro20 |
| 20:30 2011 Sterre van Mzansi | 18:27 7de Laan | 22:30 Happy Gilmore |
| 22:00 **Assassination tango** | 19:00 Nuus | **Komedie**. *'n Mislukte yshokkiespeler begin gholf speel sodat hy geld kan maak om sy ouma se huis te red. Met Adam Sandler en Julie Bowen* |
| **Drama** *'n Sluipskutter op 'n sending in Argentinië se aandag word deur 'n beeldskone tango-afrigter afgelei. Met Robert Duvall en Ruben Blades.* | 19:30 Noot vir Noot | 00:30 **Tumbleweeds** |
| | 20:30 Nuus | **Drama.** *Met Janet McTeer en Kimberley Brown* |
| | 21:00 Masakeng | |
| | 21:30 House of Payne | |
| | 22:00 Blow by Blow | |

[Verwerk uit: *Volksblad*, 27 Maart 2009]

| | | |
|---|---|---|
| 1.16 | Hoe laat sal jy na **Zola 7** op SABC 1 kyk? | (1) |
| 1.17 | Op watter kanaal sal jy na **7de Laan** kyk? | (1) |
| 1.18 | Wat is die naam van die komedie op SABC 3? | (1) |
| 1.19 | Hoeveel keer op 'n dag kan jy na die Nuus op SABC 1 kyk? | (1) |
| 1.20 | Wie is die TWEE akteurs in die film om 22:00 op SABC 1? | (2) |
| 1.21 | Mens kan Muvango net op **SABC 1** kyk. | |
| | Waarom is die stelling ONWAAR? | (1) |
| 1.22 | Watter kanaal saai "Learning Channel" uit? | (1) |
| 1.23 | Dink jy dit is goed dat ons 'n TV skedule kry? | (1) |
| | | **[11]** |

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Kyk na en lees die advertensie **(TEKS C)** en beantwoord dan die vrae.

**PANADO**

**Ma's het die beste raad vir regte pyn en koors. Hulle ken ook alle planne wat kinders kan maak om nie skool toe te gaan nie.**

**Ma's gebruik tablette (pille) en stroop vir siek kinders**




***Die pediater se keuse***

[Verwerk uit: *Leef* Februarie 2009]

1.24 Watter medisyne verkies alle Ma's? (1)

1.25 Kies die KORREKTE antwoord.

Panado is die __________ se keuse

A Chirurg
B Pediater
C Oogarts
D Tandarts (1)

1.26 Gee TWEE vorms waarin die medisyne beskikbaar is. (2)

1.27 Ma's weet as kinders nie skool toe wil gaan nie.

Waarom is die stelling WAAR? (1)

1.29 Waarom, dink jy, gebruik die adverteerder die prentjie? (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 4:**

- Som **WENKE VIR JONG SKRYWERS** in JOU **<u>EIE</u>** SEWE VOLSINNE op.
- Daar is sewe paragrawe en jy moet uit elke paragraaf net een sin in jou eie woorde skryf.
- Jou opsomming moet **60** woorde wees.
- Die opsomming moet puntsgewys (1 – 7) opgesom word.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming.

**WENKE VIR JONG SKRYWERS**

1. Muneiwa Ramantswana (15) se ouers is baie trots op hulle talentvolle dogter. Sy het op dertien al 'n boek geskryf. Dié boek is deur Oxford University Press gepubliseer. Jy moet 'n erkende uitgewer kry om jou boek te publiseer.

2. "Ek het in Graad 8 aan 'n kompetisie deelgeneem. Ek het besluit om 'n boek met die titel **Saved by a Mamba** te skryf." Jy moet baie toegewyd wees om 'n boek te skryf en dit te voltooi.

3. Jy moet gedissiplineerd wees. Muneiwa woon in Makhado. Sy studeer gewoonlik tot 01:00 (eenuur vm.) en word om 04:30 (halfvyf vm.) wakker om reg te maak vir skool.

4. Haar skool is in Thohoyandou wat omtrent 40 kilometer van Makhado is. Sy begin om 05:00 (vyfuur vm.) stap om die bus te haal. Skrywers moet gemotiveerd wees.

5. “My ouers is baie streng. Ek het eers gedink my ouers is onregverdig. Hulle het my net probeer beskerm en gewaarsku teen dwelms. Jy mag nie dwelms gebruik as jy skryf nie.

6. Muneiwa wil eendag medies gaan studeer. Sy stel belang in ander mense en sal daarvan hou om mense gesond te maak. Jy moet weet wat jy in die toekoms wil doen.

7. Jy moet jou drome uitleef. Muneiwa is van mening dat wie nie drome het nie, ´n vervelige lewe het.

[Verwerk uit: Afrikaans Sonder Grense Gr 10]

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die teks **(TEKS D)** hieronder en beantwoord die vrae.




[Goolge images]

3.1 Waaroor gaan die advertensie? (1)

3.2 Hoeveel uur per dag is die kanaal te sien? (1)

3.3 Wat kos dit om die stories te kyk? (1)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.4) en die letter (A-D) neer.
Watter skryfteken word na die woord “**internet!**” gebruik?

A. Koppelteken
B. Kappie
C. Deelteken
D. Uitroepteken (1)

3.5 In watter taal word die kanaal aangebied? (1)

3.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die letter (A-D) neer.

Die Kanaal is gemik op …

A. ou mense
B. alle mense
C. babas
D. kinders (1)

3.7 Waarom lyk die meisie vriendelik in die advertensie? (1)


3.8 Hoekom gebruik die adverteerder verskillende lettertipes? (1)

3.9 Skryf die vergrotende trap van die woord tussen hakies
Die onderste skrif is (lig) as die res van die skrif. (1)

3.10 Waarvoor staan die afkorting TV? (1)
[10]

## VRAAG 4: VISUELE TEKS

Lees en bestudeer die visuele teks **(TEKS E)** hieronder en beantwoord die vrae.



[Goolge images]

4.1 Voltooi die VRAAGSIN
Die seun eet springmielies.
Begin so: Wat … (1)

4.2 Gee die antoniem (teenoorgestelde) van die woord in hakies.
Die mamma se oë is (klein). (1)

4.3 Skryf die sin oor in INDIREKTE REDE.
Pa sê: "Ek hou van die program." (1)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.
Die baba, op mamma se skoot, (slaap/is wakker). (1)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.5) en die letter (A-D) neer.

Watter skryfteken word in die woord "lê" gebruik?

A. Koppelteken
B. Kappie
C. Deelteken
D. Uitroepteken (1)

4.6 Kies die korrekte VOORSETSEL.
Die familie sit (op/onder) die bank. (1)

4.7 Gee die korrekte SAMESTELLING van rus + bank
Die gesin sit gemaklik op die (rus + bank). (1)

4.8 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.
Die mamma sit ŉ gesigmasker op.
Begin so: ŉ Gesigmasker … (1)

4.9 Voltooi die volgende VERGELYKING.
Die mamma is nie oorgewig nie, sy is so maer soos 'n … (1)

4.10 Waarom, sou jy sê, is die dogter ongelukkig? (1)

**[10]**

**VRAAG 5**

5.1 Lees die leesteks **(TEKS F)** hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

Die groot vraag bly: Is hamburgers gesonde kos of nie? Morgan Spurlock was (5.1.1) (geinteresseerd/ geïnteresseerd) in ’n TV-program waarin hierdie vraag bespreek is.

Tydens ’n hofsaak het die maatskappy gesê: (5.1.2) “Ons kos is lekker.” Morgan wou dit nie (5.1.3) (glo/ beloof) nie.

(5.1.4) Morgan het ’n dokumentêre fliek gemaak. Hy het vir ’n maand by kitskosplekke geëet! Hy het na ’n maand ’n hele (5.1.5) 11 kilogram swaarder geweeg as voor sy kitskosdieet. (5.1.6) <u>Dr.</u> Daryl Isaacs het sy gesondheid gemonitor.

Morgan se beste (5.1.7) <u>vriend</u> wou niks met (5.1.8) (hom/ haar) te doen hê nie. Sy het gesê hy (5.1.9) (reuk/ruik) snaaks. Dit het hom twee maande geneem om te herstel van sy hamburgerfees. (5.1.10) Sy fliek *Supersize Me* was baie gewild.

Morgan is daarteen dat ’n kitskosplek gratis (5.1.11) <u>speelding</u> of gratis lekkernye gee wanneer (5.1.12) (jy, bestel, ’n hamburger en skyfies).

’n Koepon herhaal die woorde (5.1.13) (op/ in) die advertensie. Die (5.1.14) <u>woord</u> word herhaal, want jy moet die advertensie kan onthou. Nie alleen kry jy ’n gratis roomys nie, maar ook sjokoladesous.

5.1.1 Kies die KORREKTE spelling van die woord tussen hakies. (Reël 2)

Morgan Spurlock was (geinteresseerd/ geïnteresseerd) in ... (1)

5.1.2 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Die maatskappy het gesê: “Ons kos is lekker.” (1)

5.1.3 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. (Reël 5)

Morgan wou dit nie (glo/ beloof) nie. (1)

5.1.4 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.

Morgan het ’n dokumentêre fliek gemaak
**Begin só:** ’n Dokumentêre fliek … (1)

5.1.5 Skryf die getal, **11**, in woorde. (Reël 7)

... hele 11 kilogram swaarder geweeg... (1)

5.1.6 Skryf die AFKORTING in woorde. (Reël 8)

Dr. Daryl (1)

5.1.7 Gee die VROULIKE vorm van “vriend”. (Reël 10)

Morgan se beste vriend wou niks ... (1)

5.1.8 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD. (Reël 10)

... met (hom/ haar) te doen hê nie. (1)

5.1.9 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. (Reël 11)

Sy het gesê hy (reuk/ruik) snaaks (1)

5.1.10 Skryf die sin in die ONTKENNING.

Sy fliek *Supersize Me* was baie gewild. (1)

5.1.11 Gee die MEERVOUD van “speelding”. (Reël 14)

... gratis speelding of gratis lekkernye ... (1)

5.1.12 Gee die korrekte WOORDORDE. (Reël 15)

... gee wanneer (jy, bestel, ’n hamburger en skyfies). (1)

5.1.13 Kies die korrekte VOORSETSEL. (Reël 16)


’n Koepon herhaal die woorde (op/ in) die advertensie. (1)

5.1.14 Gee die VERKLEININGSVORM van “woord”. (Reël 17)

Die woord word herhaal, ... (1)

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G**



Kies telkens die korrekte antwoord tussen hakies.

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Die twee meisies is (jonk/oud). | (1) |
| 5.2.2 | Die tante dra 'n (pet/hoed). | (1) |
| 5.2.3 | As jy 'n baadjie dra maak dit jou lyf (warm/koud). | (1) |
| 5.2.4 | Die twee meisies (huil/lag). | (1) |
| 5.2.5 | Die meisie, met die swart romp, hou haar hande (voor/agter) haar rug. | (1) |
| 5.2.6 | Die meisies het (swart/wit) hare. | (1) **[20]** |

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 120**